



AUDITOR - GENERAL  
SOUTH AFRICA

# MEDIA RELEASE

31 Maart 2021

## Ouditeur-generaal doen beroep op leiers in regering om “volhoubare” audituitkomst te verseker

**PRETORIA** – Die ouditeur-generaal (OG), Tsakani Maluleke, het vandag gerapporteer dat daar “tekens van verbetering” in die audits van die nasionale en provinsiale regering is, en ’n sterk beroep op die leiers in die regering gedoen om “progressiewe en volhoubare verbeterings” in hulle uitkomst te verseker.

Die ouditeur-generaal het ook die tema van die 2018-19-verslag, **tree nou op ten opsigte van aanspreeklikheid (act now on accountability)**, herhaal omdat sy bekommerd is dat daar min vordering gemaak is om bekommernisse te hanteer wat in die vorige jaar geopper is. Die bekommernisse word ook beklemtoon in die twee spesiale verslae oor die finansiële bestuur van die regering se Covid-19-inisiatiewe wat in 2020 ter tafel gelê is. Dit het betrekking op 1) volhoubare oplossings wat nodig is om die mislukking van aanspreeklikheid te voorkom; 2) die versekering dat daar gevolge vir die mislukking van aanspreeklikheid is; 3) die prioritisering van die verbetering van die finansiële bestuur van geouditeerdes; 4) die benutting van geleenthede vir progressiewe en volhoubare verandering.

Met die vrystelling van die 2019–20- algemene verslag (AV) vir die nasionale en provinsiale regering en hulle entiteite – haar eerste AV sedert sy in Desember verlede jaar as OG oorgeneem het – sê Maluleke dat hoewel daar tekens van verbetering by sommige geouditeerdes is, haar kantoor nog nie die progressiewe en volhoubare verbeterings kan sien wat nodig is om die mislukking van aanspreeklikheid te voorkom en dit toepaslik en konsekwent oor nasionale en provinsiale regerings heen te hanteer nie.

## 'n Verdere beroep om ten opsigte van aanspreeklikheid op te tree

Die OG sê dat haar kantoor se boodskap vir die 2019-20-verslag voorgelê word met die tema, **'n verdere beroep om ten opsigte van aanspreeklikheid op te tree (a continued call to act on accountability)**, wat met dié van die vorige jaar ooreenstem, en sê:

- Hoewel die verbeterings in oudituitkomste bemoedigend is, is die **volhoubare oplossings wat nodig is om die mislukking van aanspreeklikheid te voorkom**, nog nie in plek nie, en sal beleggings deur alle vlakke van regering verg.
- Oorsig, uitvoerende owerhede en koördinerende departemente moet **veral aan entiteite in staatsbesit, sukkelende openbare entiteite en belangrike diensleweringdepartemente** soos Gesondheid en Onderwys aandag skenk. Die onvermoë van hierdie geouditeerdes om hulle bedrywighede vol te hou en voort te gaan om dienste te lewer, sal – en het reeds – 'n beduidende impak op staatsfinansies en die lewens van burgers hê.
- Die belangrikheid van **finansiëlebestuursdissipline** in hierdie tyd kan nie onderbeklemtoon word nie – elke amptenaar moet hulle deel doen om te verseker dat openbare geld beskerm word en dat daar deursigtigheid en aanspreeklikheid is ten opsigte van die manier waarop dit bestuur word.
- **Die voorkoming van lekkasies en die verhaling van geld** wat verlore is, moet 'n sleutelprioriteit wees vir alle rekeningkundige beamptes en owerhede in hierdie tyd wanneer heelwat met baie beperkte en voortdurend verminderende finansiële hulpbronne gedoen moet word.
- Indien **gevolge vir die mislukking van aanspreeklikheid** nodig is, moet dit vinnig, dapper en konsekwent toegepas word.

Die OG glo dat as genoeg aandag hierop gevestig word, die nodige verbeterings sal realiseer en tot die sukses van die geouditeerdes sal bydra.

## **Impak van Covid-19 op die 2019-20-ouditproses**

Die pandemie en die staat van inperking het die rapporterings- en ouditproses vir die 2019-20- finansiële jaar geraak en daartoe gelei dat die vrystelling van die verslag vertraag is.

Die nasionale ouditkantoor moes by werk oor 'n afstand aanpas, en tegnologie was van groot waarde, en hulle het nuwe maniere gekry om in vennootskap met hulle geouditeerdes te werk. In hierdie tyd het hulle die 2019-20-oudits gedoen, met intydse oudits van die Covid-19-inisiatiewe wat ook vanaf Maart 2020 gedoen is. Hulle het ook twee spesiale verslae oor die finansiële bestuur van die regering se Covid-19-inisiatiewe voorgelê.

## A. Oudituitkomste met 'n oogopslag

### Belangrike eienskappe van die oudituitkomste

Oorkoepelend het **oudituitkomste verbeter**, met 66 geouditeerdes wat verbeter en 35 wat verswak het. Daar is waargeneem dat die vernaamste redes vir die verbeterings was:

- Vakante sleutelbestuursposisies is gevul – veral dié van rekeningkundige beamptes en hoof- finansiële beamptes. Daar is al dikwels opgemerk dat stabiliteit in sleutelposisies 'n dryfkrag vir die verbetering van swak oudituitkomste en die handhawing van goeie oudituitkomste is.
- Rekeningkundige beamptes en senior bestuur was toegewyd en het regstreeks betrokke geraak om verbeterings in internebeheerprosesse te verseker en die OG se aanbevelings te implementeer
- Verbeterings in die interne beheermaatreëls – insluitend die implementering van voorkomende beheermaatreëls

Die verslag toon die volgende belangrike kenmerke van die ouditresultate:

- Daar is 111 (26%) geouditeerdes wat daarin geslaag het om gehalte- finansiële state en prestasieverlae te lewer om aan sleutelwetgewing te voldoen, wat tot 'n skoon oudit gelei het. Dit is 'n geringe verbetering op die 98 (23%) in die vorige jaar. Hierdie geouditeerdes verteenwoordig 17% van die bestedingsbegroting van R1,7 triljoen van die nasionale en provinsiale regering.
- Landswyd het 74% van die geouditeerdes ongekwalifiseerde ouditmenings ten opsigte van hulle finansiële state ontvang – 'n geringe verbetering vanaf 71% in die vorige jaar. Die getal geouditeerdes wat gehalte- finansiële state ingedien het, het toegeneem – 49% van die geouditeerdes kon aan die OG finansiële state sonder wanvoorstellings gee, wat steeds baie laag is.

- Die gehalte van prestasieverlagdoening het in 2019-20 'n verbetering getoon, met 71% van die geouditeerdes wat nou geloofwaardige verslae publiseer, vergeleke met 60% in die vorige jaar. Die gehalte van die prestasieverlae wat vir ouditering voorgelê is, het swak gebly (met slegs 39% wat verslae van 'n goeie gehalte ingedien het). Selfs nadat geouditeerdes die wanvoorstellings gekorrigeer het wat in die prestasieverlae deur die ouditeurs geïdentifiseer is, het die OGSA wesenlike bevindings oor 29% van die prestasieverlae aangemeld.
- Oorkoepelend het 69% van die geouditeerdes wesenlik nie aan wetgewing voldoen nie. Hierdie syfer was in die vorige jaar 73%.
- Nakoming van aanbodkettingsbestuurswetgewing het effens verbeter sedert die vorige jaar. Dit bly kommerwekkend dat slegs 36% van die geouditeerdes ten volle voldoen. Dit is ten spyte van al die verslagdoening wat die OG op hierdie gebied gedoen het, die waarskuwings wat gerig is, en die talle aanbevelings wat gemaak is. Onmededingende en onregverdig verkrygingsprosesse en onvoldoende kontrakbestuur bly algemeen.

### **Onreëlmatige uitgawes neem af**

- **Onreëlmatige uitgawes het tot R54,34 miljard gedaal** vanaf R66,90 miljard in die vorige jaar. Dit sluit die onreëlmatige uitgawes (R7,71 miljard) in van daardie geouditeerdes van wie die oudits ná die afsnydatum vir hierdie verslag (30 November) voltooi is, asook die ongeouditeerde bedrae wat openbaar gemaak is in die finansiële state van die geouditeerdes wie se oudits nog op die datum van hierdie verslag uitstaande was.
- Die OG sê die bedrag kon egter hoër gewees het, aangesien 31% van die geouditeerdes gekwalifiseer was omdat die bedrag wat openbaar gemaak is onvolledig was en/of hulle openbaar gemaak het dat hulle onreëlmatige uitgawes aangegaan het, maar dat die volle bedrag nie bekend was nie. Indien die onreëlmatige uitgawes openbaar gemaak is, sou daar nie 'n afname vanaf die vorige jaar gewees het nie.
- Verder kon die OGSA nie R2,08 miljard se kontrakte oudit nie omdat inligting ontbreek het of onvolledig was.
- Maluleke sê dat geouditeerdes 'n swak prestasierekord het wanneer dit by die hantering van onreëlmatige uitgawes en die versekering van aanspreeklikheid

kom. Die jaareindsaldo van onreëlmatige uitgawes wat oor baie jare heen opgehoop het en nog nie hanteer is nie, het op R262,03 miljard gestaan.

### **Interne beheermaatreëls**

Die verslag toon wydverspreide swakhede in die basiese interne beheermaatreëls by 'n aantal geouditeerdes. Onder hierdie afwykings wat 'n impak op die oorsiguitlae gehad het, beklemtoon die verslag die volgende:

- Die aksieplanne van die rekeningkundige beamptes of owerheid om proaktief die basiese oorsake van auditbevindings van die vorige jaar te hanteer – die auditkantoor het bevind dat slegs 34% van die geouditeerdes planne doeltreffend geïmplementeer het.
- Behoorlike rekordhouding het 'n swakheid gebly – slegs 42% van die geouditeerdes het goeie beheermaatreëls gehad.
- Die ouditeurs het weer eens nie behoorlike prosesse vir injaar- en jaareindverslaggewing gevind nie – slegs 24% het goeie prosesse gehad. Dit was van toepassing op finansiële sake, prestasie teen teikens en die monitering van nakoming.
- Die nagaan en monitering van nakoming van wetgewing was weer eens op 'n lae vlak – slegs 25% het goeie beheermaatreëls gehad om nakoming te verseker.
- Beheermaatreëls vir inligtingstegnologiesistelsels (IT-stelsels) staan ook uit as 'n gebied waar die beheermaatreëls veral swak was – slegs 8% van die geouditeerdes het goeie algemene IT-beheermaatreëls gehad.

Maluleke waarsku dat dit die beheermaatreëls is was belangrik is om die mislukking van aanspreeklikheid te voorkom. Die audit dui egter aan dat die “nodige beleggings ten opsigte van voorkoming nog nie gemaak is nie”.

## B. Finansiële bestuur

In die omgewing van ekonomiese ontwinging wanneer departemente, entiteite in staatsbesit en openbare entiteite meer met minder moet doen, en waar die publiek se eise om dienslewering en aanspreeklikheid toeneem, waarsku Maluleke dat “rekeningkundige beamptes en owerhede alles in hulle vermoë moet doen om die meeste waarde te haal uit elke rand wat bestee word en elke aspek van hulle finansies met sorgsaamheid en sorg moet bestuur”.

Geloofwaardige finansiële state is noodsaaklik om aanspreeklikheid en deursigtigheid moontlik te maak. Die finansiële state vertel die verhaal van hoe goed 'n geouditeerde bestuur word – hoe geld spandeer word, waar die inkomste vandaan kom, wat die bates is en wat die stand van daardie bates is, hoeveel aan krediteure verskuldig is, hoeveel aan die geouditeerde verskuldig is, en of daar verwag word dat die geld wat verskuldig is, ontvang sal word. Dit verskaf ook noodsaaklike inligting oor hoe die begroting nagekom is, die ongemagtigde, onreëlmatige sowel as vrugtelose en verkwiste uitgawe wat aangegaan is, plus die oorkoepelende finansiële stand van die geouditeerde – of sy bedrywighede finansiëel volhoubaar is.

Maluleke sê dat haar kantoor besorg is oor die 21 geouditeerdes waar menings weerhou is of wat negatiewe menings oor hulle finansiële state ontvang het.

Sy sê verder dat die finansiële welvarendheid van hierdie geouditeerdes, wat vir 2% van die bestedingsbegroting verantwoordelik is, nie ontleed kon word nie.

Maluleke het kommer uitgespreek oor die feit dat entiteite in staatsbesit ernstige finansiële probleme ervaar en nie finansiële state vir ouditering ingedien het nie. Dit sluit in:

- Suid-Afrikaanse Lugdiens en LMT Products ('n filiaal van Denel), wat in sakeredding is.
- SA Express is in voorlopige likwidasie.

Vir die grootste deel van die Suid-Afrikaanse Lugdiens-groep is daar vir drie jaar geen finansiële state ingedien nie.

Verder het talle entiteite in staatsbesit in hulle finansiële state aangedui dat hulle onseker is of hulle as 'n lopende saak sal kan voortgaan, en hulle sluit in:

- Petroleum Oil and Gas Corporation,
- Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie,
- Denel en drie filiale (Densure, Denel Aerostructures en Denel Vehicle Systems),
- Onafhanklike Ontwikkelingstrust,
- Land en Landboubank van Suid-Afrika,
- Pelchem en
- Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie
- Eskom

### **Finansiële welvarendheid van departemente**

Maluleke sê dat die finansiële welvarendheid van 'n aantal departemente steeds kommerwekkend is, veral die provinsiale departemente van gesondheid en onderwys. Sy het 'n beroep op rekeningkundige beamptes en die uitvoerende leierskap gedoen om ernstige aandag aan hierdie gebied te skenk.

### **Ongemagtigde uitgawes**

Ongemagtigde uitgawes wat 'n gevolg van die oorbesteding van die begroting is, het vanaf R1,65 miljard tot R18,12 miljard toegeneem – waarvan R15,13 miljard die gevolg van die vroeë betaling van die maatskaplike toelaes in April 2020 in reaksie op die Covid-19-inperkingsmaatreëls was.

Meer as 60% van die departemente het onvoldoende fondse gehad om alle laste te dek wat op jaareinde bestaan het indien die onbetaalde uitgawes (totaal van R22,78 miljard) ook in berekening gebring is. 'n Totaal van 27 departemente sal meer as 10% van hulle 2020-21-bedryfsbegrotings moet gebruik.

Teen jaareinde het 87% van die departemente eise teen hulle gehad, met 'n totaal van R147,12 miljard. Eise word deur middel van wetgewing teen departemente ingestel vir vergoeding as gevolg van verlies wat deur die departement veroorsaak is – die algemeenste eise is dié vir mediese nalatigheid teen provinsiale gesondheidsdepartemente, met 'n totaal van R105,8 miljard.

Daar is ook belangrike openbare entiteite wat onder soortgelyke finansiële druk is. 'n Totale tekort van R64,95 miljard is aangeteken deur die 29% van openbare entiteite wie

se besteding hulle inkomste oorskry het – 92% van die totale tekort het op die Padongelukfonds betrekking gehad.

Daar was 21 openbare entiteite wat aangedui het dat hulle onseker is of hulle as 'n lopende saak sal kan voortgaan. Hulle sluit in:

- Padongelukfonds,
- Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap,
- Die Eiendomsbestuur- en Handelsentiteit en 'n aantal provinsiale openbare entiteite.

Die finansiële state van 17 openbare entiteite was nie betroubaar genoeg vir finansiële ontleding nie – dit het die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika, sewe TVET-kolleges en vier provinsiale entiteite in Noordwes ingesluit.

### **Vrugtelose en verkwiste uitgawes**

Vrugtelose en verkwiste uitgawes is geld wat vir die staat verlore is of wat permanent verlore kan wees indien dit nie verhaal word nie. Dit is ook 'n goeie aanwyser van die finansiële bestuur van die openbare beursie. Die regering kan nie bekostig om as gevolg van swak besluitneming, nalatigheid of ondoeltreffendhede geld te verloor nie. Maluleke's se verslag dui egter aan dat vrugtelose en verkwiste uitgawe hoog bly.

In die huidige jaar het 231 geouditeerdes R2,39 miljard met vrugtelose en verkwiste uitgawe verloor. Die afgelope drie jaar was R7,44 miljard van staatsbesteding vrugteloos en verkwistend.

## **C. Implementeringsresultate ten opsigte van wesenlike ongerymdhede**

Maluleke sê dat die wysiging van die Wet op Openbare Oudit aan haar kantoor die mandaat gee om verslag te doen oor wesenlike ongerymdhede wat tydens die oudits opgespoor word en verdere stappe te doen indien rekeningkundige beamptes en owerhede nie sodanige aangemelde ongerymdhede toepaslik hanteer nie.

Die saak kan na 'n openbare liggaam verwys word om te ondersoek, of aanbevelings kan by die auditverslag ingesluit word oor wat gedoen moet word om die saak te hanteer. Die wysigings gee aan die OG voorts die mag om bindende regstellende



stappe te doen indien die aanbevelings nie geïmplementeer word nie, en in sekere gevalle kan die OG die verlore geld van rekeningkundige beamptes of owerhede verhaal wat nie die regstellende stappe implementeer nie.

Maluleke sê voorts dat die wysigings nie bestraffend is nie, maar daarop gemik is om aanspreeklikheidsmeganismes te versterk. Deur wesenlike ongerymdhede aan te meld, ondersteun die OG rekeningkundige beamptes en owerhede deur hulle aandag op ongerymdhede te vestig wat 'n beduidende impak op finansies, hulpbronne en dienslewering kan hê, terwyl hulle ook bemagtig word om die toepaslike stappe ingevolge wetgewing betyds te doen.

Dit sal die negatiewe uitwerking van sodanige ongerymdhede op geouditeerdes verminder, die regte toon vir aanspreeklikheid daarstel, die behoefte aan gevolge beklemtoon en gedragsverandering op die hoogste vlakke aanmoedig. Soos die wesenlike ongerymdhede in die ouditeursverslag gemeld word, word openbare rekeninge en portefeuljekomitees ook in staat gestel om hulle oorsigfunksie uit te voer – met die fokus op die wesenlikste sake wat geouditeerdes raak.

Maluleke beklemtoon ook dat die “regulasies saamgestel is op 'n manier wat die proses van billike, deursigtige en regsgeldige administratiewe geregtigheid ondersteun deur aan die rekeningkundige beampte of owerheid 'n geleentheid te verskaf om die stappe te doen wat nodig is om die wesenlike ongerymdhede te hanteer”.

### **Identifisering van wesenlike ongerymdhede**

“Teen 28 Februarie 2021 het ons die rekeningkundige beamptes en owerhede van die geselekteerde geouditeerdes van 75 wesenlike ongerymdhede in kennis gestel. Dit het alles betrekking gehad op nienakoming van wetgewing wat tot 'n wesenlike finansiële verlies gelei het. Die geraamde finansiële verlies wat met hierdie wesenlike ongerymdhede verband hou, is R6,9 miljard,” sê Maluleke verder.

Vyf-en-veertig van hierdie wesenlike ongerymdhede is in die ouditeursverslae en die algemene verslag beskikbaar om monitering en oorsig moontlik te maak. Daar sal in die 2020–21-ouditeursverslae oor die res verslag gedoen word.

Daar was ook 'n groot getal sake wat oorweeg word wat tydens die oudit van Covid-19-besteding geïdentifiseer is, en in die sleutelareas soos verkryging, bestedingsbestuur, inkomstebestuur en hulpbronbestuur val.

Maluleke sê verder dat dit nie komplekse sake is nie, maar die basiese dissiplines en prosesse wat by die geouditeerdes in plek moet wees – verkry teen die beste prys, betaal net vir wat ontvang is, maak betalings betyds, verhaal die inkomste wat aan die staat verskuldig is op die effektiwste en doeltreffendste manier om te verseker dat waarde verkry word uit die geld wat bestee word. Goeie voorkomende maatreëls sou 'n groot verskil maak het.

“Ons is bly dat rekeningkundige beamptes en owerhede drie van die 45 gerapporteerde wesenlike ongerymdhede opgelos het en 33 daarvan toepaslik hanteer. Dit dui op 'n gedragsverandering ten opsigte van 'n beslissende en tydige reaksie op ons bevindings,” sê Maluleke.

Dit is 'n proses wat regdeur die jaar gevolg word, en daar word nie vir die volgende ouditkring gewag om te verstaan hoe ver die proses gevorder het om hierdie wesenlike ongerymdhede te hanteer nie.

Verder is daar ook aanbevelings by die ouditeursverslae van vier geouditeerdes ingesluit oor stappe wat gedoen moet word. Die doel daarmee is om agt wesenlike ongerymdhede op te los waar die gevolgtrekking was dat toepaslike stappe nie gedoen word nie. Kommer word uitgespreek oor die vertraging by sommige geouditeerdes ten opsigte van die oplossing van wesenlike ongerymdhede as gevolg van onstabielheid op die vlak van die rekeningkundige beampte of owerheid.

“Daar moet 'n dringendheid wees met die hantering van wesenlike ongerymdhede om verdere verkwisting te voorkom, geld in te vorder en gevolge in werking te stel vir misdrywe, en alle rolspelers moet dus saamwerk om die vinnige oplossing van hierdie sake te verseker,” sê Maluleke verder.

Maluleke beklemtoon dat “ons ten volle verbind is tot die implementering van die verbeterde magte wat aan ons kantoor gegee is, sonder vrees, guns of vooroordeel, soos ons dit met verloop van jare gedoen het. Die sukses van ons gewysigde magte sal duidelik word wanneer 'n kultuur van responsiwiteit, gevolgebesteding, goeie beheer en

aanspreeklikheid deur rekeningkundige beamptes en owerhede die norm eerder as die ideaal word."

## **D Provinsiale oudituitkomste**

Die OG se verslag dui aan dat daar oorkoepelend steeds 'n behoefte is om voorkomende beheermaatreëls (in alle provinsies) in te bed, aangesien dit 'n noodsaaklike element van aanspreeklikheid bly.

Hieronder volg 'n blik – in alfabetiese volgorde – op hoe die onderskeie provinsies gevaar het:

### **Oos-Kaap**

Daar was vier verbeterde oudituitkomste in die provinsie en een geouditeerde wat verswak het. Die OG merk op dat die verbeterings die gevolg was van die leierskap wat verbintenisse en oorsig in die provinsie geïmplementeer het en meer betrokke en aanspreeklik was. Voorkomende beheermaatreëls verg egter steeds aandag.

Die swak internebeheeromgewing het 'n negatiewe uitwerking gehad op die uitkomste in die belangrikste dienslewingsdepartemente, naamlik Gesondheid, Vervoer en Onderwys, en oortredings van wetgewing by hierdie departemente het ook 'n negatiewe impak gehad op hoe hulle die geld bestee wat aan hulle toegewys is.

### **Vrystaat**

Drie geouditeerdes het hulle uitkomste verbeter, terwyl een vir die eerste keer sedert 2016-17 verswak het. Die provinsie het 'n skoon oudit behaal. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar van verbetering in die provinsie, maar die OG waarsku dat 'n gebrek aan aanspreeklikheid voortgaan om tot deurdringende nienakoming te lei (veral ten opsigte van verkryging en die verswakkende finansiële welvarendheid).

Die kultuur van geen gevolge nie is geskep deur die politieke en administratiewe leierskap se onvermoë om gevolgebestuur vir die deurdringende nienakoming van wetgewing te implementeer. Die omgewing is dus kwesbaar vir wanbesteding, verkwisting en die wanaanwending van staatsfondse. Die OG doen 'n beroep op die politieke leierskap om van voor af te lei en te verseker dat die administratiewe leierskap aanspreeklik gehou word vir hulle dade – behoorlike beplanning en begroting,

doeltreffende personeelprestasiebestuur en ferm en tydige gevolge vir swak prestasie en oortredings moet geïmplementeer word.

## **Gauteng**

Daar was geen beweging sedert die vorige finansiële jaar nie, aangesien die vier geouditeerdes wat verbeter is, geneutraliseer is deur die vier wat verswak het. Die OG sê dat onvoldoende monitering van voorkomende beheermaatreëls en onvoldoende gevolgebestuur tot stagnering gelei het.

Die OG sê dat dit bemoedigend is dat daar deurlopende verbetering in die gehalte van die finansiële state was wat vir ouditering voorgelê is, wat toegeskryf kan word aan gereelde verslagdoening, voldoende hersiening, behoorlike rekordbestuur en die gebruik van beheerstrukture om met hersiening te help. Ten einde oudituitkomste volhoubaar te verbeter, word leierskap weer eens aangemoedig om op die monitering van voorkomende beheermaatreëls te fokus en te verseker dat oortredings deur tydige ondersoek en gevolgebestuur hanteer word, veral op die gebied van verkrygingsbestuur.

## **KwaZulu-Natal**

Vyf geouditeerdes het hulle oudituitkomste verbeter, terwyl een verswak het. Maluleke sê dat daar progressiewe tendense sigbaar is in die provinsie, maar dat groter dissipline nodig is om basiese voorkomende beheermaatreëls te implementeer wat in volhoubare verbetering omskep kan word.

'n Gebrek aan gevolgebestuur het voortgegaan om die hoë vlakke van nienakoming en onreëlmatige besteding te laat voorkom.

## **Limpopo**

Daar was 'n merkbare verbetering in die oudituitkomste namate geouditeerdes voortgegaan het om hulle omgewing te beheer en die provinsiale tesourie oorsig versterk het. Die oudituitkomste van ses geouditeerdes het gevolglik verbeter. Nakoming van wette en regulasies het 'n uitdaging gebly, aangesien administratiewe leierskap en senior bestuur stadig was om regstellende optrede te implementeer om sulke bevindings te hanteer, wat tot 'n herhaling van ouditbevindings gelei het.

Maluleke sê die provinsiale leierskap moet voortgaan om voorkomende, identifiserende en regstellende beheermaatreëls te versterk by daardie geouditeerdes wat nie skoon oudits behaal het nie, en moet regstellende optrede in gevolgebestuur verskerp waar tekortkominge en nienakoming waargeneem word ten einde hierdie uitkomstevolte hou en te verbeter.

## **Mpumalanga**

Die provinsie se oudituitkomstevtoon 'n geringe verbetering by drie geouditeerdes en een het verswak, maar voorkomende beheermaatreëls word steeds by die meeste geouditeerdes nie ingebed nie, wat tot wisselvallige oudituitkomstevlei – leierskapbetrokkenheid is nodig om aanspreeklikheid aan te dryf en oudituitkomstevte verbeter.

Maluleke sê haar kantoor het voortgegaan om bekommernisse aan te meld oor swakhede in beheermaatreëls ten opsigte van beplanning vir infrastruktuurontwikkeling en onvoldoende moniterings- en/of bestuursbeheermaatreëls.

## **Noord-Kaap**

Twee geouditeerdes het hulle oudituitkomstevte verbeter, terwyl een verswak het. Dit is 'n stap in die regte rigting, maar die reis is nog lank. Die OG doen 'n beroep op die provinsiale en administratiewe leierskap om te verseker dat rekeningkundige beamptes voorkomende beheermaatreëls versterk en op die voorkoming en opsporing van onreëlmatige besteding fokus.

Die voortgesette vertroue op die ouditproses kon steeds gesien word, aangesien meer as die helfte van die departemente nie gehalte- finansiële state kon indien nie – dit is dus ook duidelik dat die vereiste sleutel- daaglikse dissipline, rekordbestuur en beheermaatreëls nie in plek is nie.

## **Noordwes**

Twee geouditeerdes het hulle oudituitkomstevte verbeter, terwyl een verswak het. Dit is 'n bemoedigende tendens, maar daar is 'n behoefte om voorkomende beheermaatreëls in te bed en 'n kultuur van gevolgebestuur te bevorder. Oorkoepelend het die getal departemente met finansiël ongekwalfiseerde menings vir die eerste keer in twee jaar

toegeneem, met die provinsiale tesourie wat daarin geslaag het om sy skoon ouditstatus te behou.

Die OG sê dat daar ook 'n behoefte aan aanspreeklikheid is sodat die provinsie kan ontslae raak van die weerhouding van 'n mening wat tans deur vyf geouditeerdes behaal is.

## **Wes-Kaap**

Die Wes-Kaap het voortgegaan om die beste resultate te lewer, met 70% skoon audits. Elke geouditeerde in die provinsie het hulle finansiële jaarstate betyds vir auditering voorgelê, en buiten vir een was geen wesenlike regstellings daaraan nodig nie. Dit weerspieël die geïnstusionaliseerde beheermaatreëls oor die voorbereidingsprosesse van die finansiële state.

Die OG sê dat daar 'n stewige en konsekwente patroon van goeie oudituitkomste in die Wes-Kaap is, maar dat die toename in onreëlmatige besteding kommer wek. Hierdie toename is die gevolg van nienakoming van aanbodketteringbestuursvoorskrifte.

## **E. Gevolgtrekking**

Maluleke sê sy word bemoedig deur die aandag wat die regering en oorsigstrukture skenk aan die swakhede wat deur haar kantoor geïdentifiseer word, maar sê dat dit nie enige volgehoue verbetering toon nie. Sy bly dus bekommerd dat daar min verbetering is, selfs nadat sy die uitdagings in die vorige finansiële jaar uitgewys het.

**'n Voortgesette beroep word gedoen om ten opsigte van aanspreeklikheid op te tree,** wat die OG glo na verbetering en groter doeltreffendheid met skaars openbare hulpbronne sal lei.

“As die nasionale ouditkantoor is dit ons rol om die rekeningkundige beamptes en owerhede te help om positiewe oudituitkomste te behaal, wat aanspreeklikheid sal versterk en dienslewering sal verbeter aan die burgers wat ons dien. Dit is reeds jare lank ons doelwit, en ons bly gefokus op daardie missie. Waar daar mislukkings is, en onwilligheid om op te tree, sal ons die instrumente moet gebruik wat ons in ons verbeterde mandaat ontvang het om aanspreeklikheid af te dwing.

“Ons sal regdeur die jaar ekstra aandag daaraan skenk om wesenlike ongerymdhede te identifiseer en te verseker dat rekeningkundige beamptes en owerhede hulle verbintenisse in die verslag implementeer en toepas. Waar ons voel dat daar geen vordering is nie, sal ons die regsinstrumente inspan om te verseker dat daar toepaslike en tydige aanspreeklikheid is.

“Ons bly daartoe verbind om onvermoeid binne ons nuwe mandaat te werk om finansiële en prestasiebestuur in die nasionale en provinsiale regering te versterk, en beklemtoon die behoefte aan aanspreeklikheid en om die basiese dinge reg te doen op 'n manier wat uiteindelik tot voordeel van die verdienstelike burgers van ons land is,” sluit Maluleke af.

## Einde.

**Uitgereik deur:** Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika

**Kontak:** Africa Boso 0713653024 [Africab@agsa.co.za](mailto:Africab@agsa.co.za)



**Volg die OGSA op Twitter:** @AuditorGen\_SA

**Medianota:** Die gekonsolideerde algemene verslag oor die PFMA se nasionale en provinsiale regeringsoudituitkomstes sal op [www.agsa.co.za](http://www.agsa.co.za) beskikbaar wees.

**OOR DIE OGSA:** Die OGSA is die land se hoogste ouditinstelling. Dit is die enigste instelling wat volgens wet moet auditeer en verslag doen oor hoe die regering belastingbetalers se geld bestee. Dit is sedert die instelling van die OGSA in 1911 sy fokus – die organisasie het in 2011 die 100-jarige openbaresektor-ouditeringserfenis gevier.